

## Psalm 55

### Werp jou bekommernis op die Here

Tema van die dag is ons bekommernisse, en wat om daarmee te maak.

Ons is hier as gelowiges om ons roeping uit te leef deurdat ons meewerk dat die Koninkryk van God sigbaar word waar ons leef en werk.

In hierdie uitvoering van ons roeping sal ons verseker teenkating en uitdagings beleef. Inteendeel so vinnig as wat jy gaan begin om die wil van God in jou roeping in Sy Koninkryk uit te leef so vinnig sal daar uitdagings en bekommernisse kom want jy is nou in stryd met wat satan se wil is met jou lewe.

So lees ons dat Dawid as dienaar van God vele bekommernisse en stryd beleef het....

As mens hierdie Psalm lees dan dink mens ag, Dawid was darem 'n mens met baie probleme, hoeveel van die Psalms gaan nie oor sy veg en stoei met die sorg van die lewe nie. Ons het altyd gedink hy is so 'n geseende man, maar hy't ook maar baie swaar tye beleef, meer as die meeste van ons.

Hierdie wat ons van lees is meer as net uiterlike probleme, vers 5 sien ons hy vrees al vir sy lewe, en die ergste is dat dit sy eie vriende is wat hom so laat swaar kry lees ons in vers 14.

Kan jy dink hoe dit moet voel, jy't baie bekommernisse en dit word veroorsaak deur die mense naaste aan jou, kan jy dink hoe alleen dit moet wees, want na wie toe sal jy gaan vir hulp en ondersteuning, selfs jou eie vriende is deel van jou probleem.

Daarom kan mens verstaan hoekom Dawid so moedeloos is. Mens kan eintlik sien hoe hy met geboë rug al die bekommernise dra.

Dit kan maklik met ons ook gebeur en dalk was of is jy daar.....

Dawid is omring deur al die probleme, dit versmoor hom. Dis rondom hom lees ons in vers 11.

Wat doen mens nou as die bekommernis van die lewe in Koninkryk van God net te veel word, want Dawid kan verseker nie meer dra daaraan nie.

Meeste van ons soek soos Dawid eerstens na ons eie oplossings want ons is gewoond om dit so te doen in die koninkryk van die wereld...

Dawid soek net bietjie rus en vrede, al sy probleme moet net weggaan, daarom wens hy hy het **vlerke soos** 'n duif gehad waarmee hy net kon wegvlieg van al die probleme! Vers 7

Dawid wil uitstyg bo sy probleme en met die vlerke vlieg tot in die woestyn waar niemand hom meer kan pla, en benadeel nie, niemand in rug steek, en lewe bedreig nie, want daar bly niemand in die woestyn nie!

Is dit nie 'n rein gedagte nie? Het elkeen van ons nie al so gevoel nie, as ek maar net vlerke gehad het, en kon wegvlieg van al die probleme, as ek net my vlerke kon klap, en na 'n ander plek gaan ver weg van al die probleme, en die druk!

As net genoeg geld, of ander plek gebly het of ander werk gehad het....

Dis asof Dawid so die taal van ons wense praat. Net vlerke klap en weg vlieg!

Ag! Maar waar sal mens heen gaan as die nood te veel raak, waar sal mens kan gaan waar daar om Vaders naam net rus vir jou siel kan wees.

As dit maar net kon wees!

Maar ongelukkig is daar nie baie plekke waarheen mens kan gaan waar daar rus is nie, oral is mense, en waar mense is is daar probleme, maak nie saak waarheen jy vlieg nie, maak nie saak wat ons eie oplossings is nie, daar sal net weer ander probleme wees. jy sal tedeo kry met mense wat jou wil indoen, mense wat druk op jou plaas.

Dawid se beste oplossing is om woestyn toe te vlug....

Dawid se wens klink sag op die oor, dink net aan die stilte, rus en vrede in die woestyn, geen mense wat om jou saamdrom en lewe vir jou moeilik maak, jou lewe bedreig.

Maar ongelukkig is Dawid se wens nie so rein gedagte nie, want die woestyn skep weer probleme van sy eie, daar sal jy weer op 'n aander manier moet veg vir jou lewe, daar is nie kos nie, die water is maar skraps, daar is die son so warm dat jy dit byna nie kan oorleef nie, daar is die aande so koud dat jy kan verkleum, daar is jy so alleen dat jy naderand verlang na geselskap.

Dis dus duidelik dat selfs die woestyn nie Dawid se probleme sal kan oplos nie. Sy bekommernise sal wegvat nie.

Gelowiges ons moet mooi dink vandag, as ons glo dat ons in Koninkryk van God ingegaan het moet ons ook weet dat ons nie ons eie bekommernisse kan oplos nie. Ons beste plan is maar 'n woestyn met ander uitdagings....kyk hoe los ons probleme op.....natuur: probeer een diersoort wat oorbevolk is met ander oplos dan skep ons ander probleem ens....

Die koninkryk van God is 'n plek waar ons moet glo dat God in beheer is en Hy vir ons sal voorsien en sorg.....as rentmeesters.....

As iets jou ten gronde druk is dit waarskynlik omdat jy God se werk probeer doen, jy dra die bekommernis jy soek die oplossing. Jy wil in God se koninkryk leef, maar die wereld se maniere steeds gebruik.

Ons moet sterf, ook in ons manier van bekommernisse hanteer en probleme oplos, anders gaan ons nie in Koninkryk ons roeping kan leef nie. Toetaal ander beginsels geld in die Koninkryk van God. Hier tel geloof in God en nie in jouself nie...

**Rom 14:17:** God se koninkryk saak van vreugde vrede en geregtigheid deur Gees. Dit sê nie daar is nie probleme nie maar daar is vreugde en vrede omdat ek deur my posisie van geregtigheid in krag van Gees op God vertrou en nie op myself.

Satan wil selfs jou roeping op jou skouers sit.....sodat jy moedeloos kan word. Roeping gaan gepaard met nuwe koninkryk ens.

## **Oplossing**

### **Nou wat kan mens nou doen?**

Vers 23 kom Dawid onder leiding van die Gees by die oplossing van sy probleem, nadat hy aan alles gedink het, en al sy klagtes opgenoem het, kom hy tot die konklusie dat daar net een manier is om vrede te ervaar, en rus vir sy moedelose siel.

Hy sê werp jou sorge jou bekommernisse op die Here.

Ag nee Dawid is dit die beste wat jy mee kan vorendag kom , is dit die antwoord wat die Gees ons bied om ons sorge te hanteer? Hoe baie het ek nie al my sorge vir die Here gegee nie en niks het verander nie, nee Dawid dit help nie! Skryf nog 'n Psalm! Ons moet seker self iets anders ook doen, dit kan nie so eenvoudig wees nie..

Maar kyk mooi wat leer die Gees ons: werp jou sorge: die oorspronklike woord beteken om met mening te gooi, om al jou krag te gebruik om iets te gooi.

Om jou sorge op die Here te werp is dus nie 'n saak van vinnige gebed en dan is saak afgehandel nie. Voor ons ons weer kry bekommer ons ons van voor af...

Nee ons sien dat dit geloofs energie van jou vat om jou sorge op die Here te werp. Met al jou inspanning moet jy dit vir die Here gee ,werp, hoekom? Want onthou die mens wil altyd self beheer he, daarom gaan dit al jou krag en vertrouwe vat om waarlik jou sorge op God te plaas. Jy gaan jou sorge moet gooi deur jou manier van dink en doen, gooi deur jou idee van bekommernis oplossing.

Ons is nie gewoond om ons sorge te laat los nie, van kleins af geleer om self sterk te staan...self oplossings te vind. Koninkryk van God werk nie so nie.

Ipv om soos gewoonlik al my energie te gebruik om oor my bekommernis te dink, gebruik ek nou my geloofs energie om te gooi. So vinnig as wat die bekommernis kom, gooi ek dit, so vinnig as wat dit wil terugkom gooi ek weer.

Gooi fokus my op waar ek gooi ipv wat ek gooi. As mens krieket speel en die bouler kom aangedraf om te boul fokus hy op die paaltjies en nie die bal wat hy moet boul nie. In God se koninkryk is die fokus op Hom, op die Koning van die Konings

wat verseker jou probleem kan oplos en sal oplos. Ons fokus nie op die probleem wat ons moet gooi nie. as ek op God fokus sien en beleef ek Hom en dan raak my probleem sommer baie kleiner.

Bekommernis sit die fokus op my, en my elende soos Dawid. Geloof sit die fokus op God na wie ek die bekommernis gooi.

Kyk na hoe die Psalm groei: eers al die fokus op Dawid en sy pyn ons lees net van "ek" en "my".....later lees ons van God en wat Hy doen. Sien die verskil in Koninkryke!!  
Hoe meer ek gooi hoe meer beleef ek God in Jesus, hoe kleiner word die bekommernis.

Sien hoe jy dit in geloof doen... Op. 1 lees ons hoe groot Jesus is...

**Hoekom gooi, hoekom nie net dit vir God gee nie?**

Wanneer mens vir iemand iets gee dan bly dit vir lank in jou hande todat die anderpersoon dit vat by jou, jy het maw baie tyd om dit terug te neem, en jou hande terug te trek.

En dis presies wat baie keer gebeur, jy sê vir God dat Hy die probleme moet dra, jy gee dit vir Hom,maar die eerste keer as God jou toets om te kyk of jy Hom vertrou dan gryp jy die probleem terug, en probeer self, die situasie oplos.

Ons gee vir God, maar hou steeds met die een hand vas, want netnou, bring God dalk nie sy kant nie. hoe langer jy iets vashou hoe meer raak jy verknog daaraan.

**Dink aan ma wat God vra om kind te bewaar** op toer, sy bid maar bel steeds elke halfuur om te hoor of alles reg is. Vertrou God maar maak self ook darem net seker.

Daarom gooi jou probleme op God, wanneer jy iets gooi, en met mening gooi, het jy geen beheer meer daarvoor nie. Dis uit jou hande uit, daar is geen toue aan vas nie. Jy kan dit nie terug trek nie. Jy moet nou vertrou dat God die saak sal behartig want dis regtig nie meer in jou hande nie!

Dis hoekom ons moet gooi, God sal dit vang!...God is nie ver nie, hoef nie ver te gooi, ons is by Hom in Sy Koninkryk.

Al wat mens kan beheer in gooi, is die rigting waarheen mens gooi. Of die meeste van ons!

Jy't dus 'n keuse om jou probleem te gooi in die rigting van vertrouwe in wêreld se koninkryk: mense, geld, vriende, self (wat eintlik niks daaraan kan doen nie). Of jy kan gooi na God, daar waar jou probleem veilig is, in die hande van God.

**Saam met God se opdrag, kom 'n Koninkryks belofte:  
Hy sal jou versorg, en Hy sal sorg dat die geregtiges nie wankel of val nie.**

Versorg beteken ook binne hou: Hy sal jou naby binne in Sy koninkryk hou in Hom. Hier is dit onmoontlik om nie versorg te word terwyl ek Sy koninkryk bly soek nie.

Hier by Hom sal jy nie val nie, Hy hou jou regop....

in die aardse koninkryk moet ek en jy versorg en staande bly en het ons geen tyd vir ons roeping. In God se koninkryk versorg Hy en hou Hy ons staande en ons leef ons roeping uit tot Sy eer, waar ek ookal geplaas is.

daar is net een manier hoe ons ons roeping kan leef. Gaan in Sy Koninkryk in, vertrou Hom vir jou lewe en versorging en krag, sodat jy Sy koninkryk kan uitleef op alle terreine van die lewe.

Dis ons bekommernisse wat ons weghou van ons roeping, dit kruip soos vrese in ons in, en hou ons gevange aan die wereld se manier. So baie van ons het goeie bedoelings maar ons kom nie daar uit nie, want terwyl ons God dien wil ons ook die bekommernisse dra. Ons kan nie in twee Koninkryke leef nie.

Gaan in Sy vrede.